

Ontmoeting 19

GETROUE WERKERS

Hulpmiddels

- * Sneesdoekies ("tissues")
- * Voorskote, besem, vadoek, lepel, ens.
- * Iets soos 'n mantel en kroon of iets anders wat 'n kind koninklik sal laat lyk
- * Bybelse
- * Kopieë van voorskootprentjie



WELKOM

Huisskoonmaak jol: Leier begin 'n verbeeldingspel: "Ons gaan huisskoonmaak, want Ouma en Oupa kom kuier. As Ouma aan die deur klop, moet julle vries. Kom ons vat ons besems en veel!" Almal mimiek totdat die leier teen iets klop. Almal vries. Die leier sê: "Dit was nie Ouma nie; dit was die posman." Herhaal met nuwe opdragte soos: "knie brood", "was ruite", "roer die pap", "stof af", "suig die matie" en noem verskillende mense wat aan die deur kom klop. Na laaste keer roep die leier: "Ouma en Oupa is hier! Kom ons sit almal saam."

Sneesdoekie: Ouma het altyd sneesdoekies ("tissues") in haar handsak. Soos hierdie een. (*Hou die snesie op. Vou dit oop.*) Ek gaan nou die snesie in die lug gooi en dan kan julle hande klap terwyl dit in die lug is. MAAR sodra die snesie op die grond val, moet julle stop. Herhaal 'n paar keer. (*Varieer deur die snesie nader aan die grond te los of staan op 'n stoel sodat die snesie verder moet val.*)

Liedere:

- ♦ "Ek is nie 'n stapsoldaatjie nie"
- ♦ "As Hy weer kom" (Kinderlof 2 nr. 13)
- ♦ "As Jesus kom op die wolke van die hemel" (Kinderlof 2 nr. 14)



WYDING

Temalied: "Ek wandel in die lig van God"

Stilword-ritueel: Doen dieselfde as met die vorige ontmoetings.



Gebed: H a n d j i e
gebed:

Duim: God is groot

Wysvinger: Ek is jammer oor my sonde

Middelvinger: Daar is baie om voor dankbaar te wees

Ringvinger: Ek bid vir mense om my

Pinkie: Ek bid vir myself

Toe hand: Ek wy myself aan die Here



WOORD

Ons gaan Lukas 12: 35 - 40 opvoer. Kies 2/3 kinders as werkers en een koning. Gee vir die werkers voorskote, besems, vadoeke, lepels, ens. Gee vir die koning iets soos 'n mantel en kroon of iets anders wat hom koninklik sal laat lyk.

Laat die kinders opvoer wat jy vertel:

Die Koning groet sy werkers. Hy is op pad na 'n troue. Sy werkers bly agter en hou aan met werk terwyl hy nie daar is nie.

Laat die aand klop hy aan die voordeur en hulle hardloop dadelik om vir hom oop te maak. Hy sien hulle het die hele tyd gewerk en is baie tevrede. Hy is so bly hieroor dat hy sommer vir hulle iets te ete gee. Hy laat hulle by sy etenstafel sit, trek self 'n voorskoot aan en kom bedien hulle.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

- ♦ Ek wonder wat hulle sou gekry het om te eet.
- ♦ Ek wonder hoe dit sou voel om daar te wees.
- ♦ Laat 'n kind die vers kom lees: **Lukas 12: 40** "Ook julle moet gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n tyd wanneer julle Hom nie verwag nie."
- ♦ Ek wonder wat sê die vers vir jou.

- ◇ Ek wonder of julle nou weet wie die Koning in die storie eintlik is.
- ◇ Ek wonder wie die werkers is.
- ◇ Ek wonder hoe ons altyd gereed kan bly totdat Jesus weer kom.



⇒ Groter kinders wat graag wil, kan die volgende teksverwysings self lees:

Lukas 22:28-30

Openbaring 2:7

Openbaring 2:11

Openbaring 2:17

Openbaring 3:5

Plaas Bybels indien die kinders nie self Bybels bring nie.

⇒ Voorskootjies wat hulle kan uitknip en hanteer soos hulle wil.

Sluit af met die seënbede.

